SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 19 DESEMBER 2004

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar sowel as per Echolink vanaf ZS6FCS.

In die nuus vandag:

UITSLAE VAN TWEE SARL-KOMPETISIES

JONGSTE STAND VAN NUWE REGULASIES

PRESIDENTSNET, RTA-LESING EN SA-AMSATKONFERENSIE VIR 2005

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Let asb. daarop dat die SARL-kantoor reeds gesluit is en dat dit weer op 10 Januarie volgende jaar sal heropen.

Die SARLnuusdiens maak staat op nuusinsette van klubs en individue aangaande amateurradioaktiwiteite. Plaas asb. u berigte op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb. in Afrikaans sowel as Engels.

UITSLAE VAN DIE SARL HF-VELDDAGKOMPETISIE

Die uitslae van die tweede been van die SARL HF-Velddag is bekend gemaak. Sewe logstate is ontvang, vyf van multioperateurstasies, een logstaat van 'n enkeloperateur en een kontrolelog. Die puntetellings volg hierna:

Enkeloperateur:- 1ste Gary, ZS5NK, 192.

Multioperateur:- 1ste Pieter, ZS6XT, en Tjaart, ZS6KW, as ZS6XT/P4 - 4 953; 2de Sasolburg ARK, ZS4SRK/P - 2 323; 3de Bloemfontein RAK ,ZS4BFN/P - 2 120; 4de Secunda ARK, ZS6SRC/P - 973; 5de Kaapstad ARS, ZS1CT/P - 421,5.

'n Kontrolelog is vanaf Julian, ZS6AOU, ontvang.

Die uitslae vir 2004 is:

Enkeloperateur:- 1ste Gary, ZS5NK - 192 ;

Multi-operateur 1ste Pieter, ZS6XT, en Tjaart, ZS6KW, as ZS6XT/p4 - 9 657; 2de Sasolburg ARK, ZS4SRK/p - 5 821; 3de Kaapstad ARS, ZS1CT/p - 2 743.5; 4de Bloemfontein RAK, ZS4BFN/p - 2 700; 5de Hibiscus Coast ARK, ZS5HAC/p - 2 188; 6de Secunda ARK, ZS6SRC/p - 1 598; 7de Zululand ARK, ZS5ZLB/p - 1 287,5; 8ste Wesrand ARK, ZS6WR/p - 813.

UITSLAE VAN DIE 80 METER QSO-GESELLIGHEID

Die kompetisiekomitee het die uitslae van die tweede been van die SARL 80 meter QSO geselligheid, wat in Oktober gehou is, bekend gemaak. Daar was 'n toename in die logstate wat ingestuur is en dit word gehoop dat 2005 nog beter sal wees.

1ste Lee Hanegraaf, ZS5LEE - 520; 2de Pieter Jacobs, ZS6XT - 480; 3de Jan Botha ZS4JAN, 475 -; 4de Ian MacQuillan, ZS5IAN - 380; 5de Willy Axford, ZS5WI - 370; 6de Detlev Hofman, ZS6BAB - 350; 7de George Honiball, ZS6NE - 330; 8de Frank Martins, ZS1MF - 290; 9de Kurt Linsin, ZS5KL - 140; 10de Tony Mayall, ZS5GR - 85.

Die uitslae vir 2004 (1ste en 2de bene saam) is soos volg:

1ste Jan Botha ZS4JAN 785 - punte 2de Pieter Jacobs ZS6XT 780 - punte 3de George Honiball, ZS6NE - 580; 4de Lee Hanegraaf, ZS5LEE - 520; 5de Ian Mac Quillan, ZS5IAN - 380; 6de Willy Axford, ZS5WI - 370; 7de Detlev Hofman, ZS6BAB - 350; 8de Frank Martins, ZS1MF - 290; 9de Kurt Linsin, ZS5KL - 260; 10de Tony Mayall, ZS5GR - 85; 11de Dennis Green, ZS4BS - 20.

REGSAANGELEENTHEDE VERTRAAG PROMULGASIE VAN NUWE RADIOREGULASIES

Die Departement van Kommunikasie het beloof dat die nuwe radioregulasies gedurende Desember gepromulgeer sou word, maar nou vertraag 'n aantal kleiner regsaangeleenthede dit weer. Verskeie klein tegniese wetlike aangeleenthede moet tussen twee regsdepartemente opgeklaar word. Volgens 'n woordvoerder van die Departement van Kommunikasie is die regulasies nou vir ondertekening op die lessenaar van die Minister. Dit word verwag dat die Minister dit sal onderteken nadat sy hierdie naweek van haar oorsese besoek teruggekeer het. Dit is op hierdie stadium nie duidelik of daar nog 'n Staatskoerant voor vroeg in Januarie volgende jaar sal verskyn nie. Die Departement het onderneem om om die SARL op hoogte te hou ten opsigte van vordering en doen alles binne sy vermoë om die promulgasie van die regulasies re bespoedig. SARLnuus en die SARL se webblad sal u inlig wanneer daar iets gebeur het.

VOLGENDE PRESIDENTSNET OP 23 JANUARIE

Daar sal vanaand geen Presidentsnet, soos vroeër aangekondig, aangebied word nie. Die volgende Presidentsnet en Integnet sal op 23 Januarie aangebied word. Met so baie mense op verlof en nie al die fasiliteite beskikbaar nie, is besluit om die nette tot die eerste tydgleuf in 2005 te verskuif. Die President van die SARL en die Integnetspan wens u 'n genotvolle feesseisoen en 'n voorspoedige en gesonde nuwe jaar toe en sien uit na u deelname op 23 Januarie.

HANDSLEUTELMORSENAG 2005 DEUR OSCARS

Weereens kondig AMSAT Noord-Amerika aan dat hy Handsleutelmorsenag 2005 borg vir genieting deur alle radioamateurs. OSCAR SKN (STRAIGHT KEY

NIGHT) 2005 sal oor 24 uur vanaf 00:00 tot 24:00 op 1 Januarie 2005 strek. Deelname is eenvoudig, daar bestaan geen reëls nie, gen puntetelling nie, en geen nodigheid om 'n logstaat in te stuur nie, gebruik net morsekode, via enige OSCAR-satelliet met 'n gewone handsleutel en maak soveel kontakte as moontlik met ander deelnemers. Kontakte via die maan (OSCAR Zero) is ook toegelaat.

Soos in vorige jare word alle deelnemers versoek om een van die operateurs wat hulle kontak mee gemaak het, te nomineer vir erkenning vir die "Beste Vuis". Jou nominasie moet nie wees vir die beste vuis wat jy gehoor het nie, maar die beste wat jy gekontak het. Stuur asb. jou nominasie aan Ray Soifer met e-posadres w2rs@amsat.org.

EERSTE RTA-LESING VIR 2005 AANGEKONDIG

Die eerste lesing vir 2005 in die RadioTegnologie-in-Aksie program sal op Saterdag 12 Februarie in die Nasionale AmateurRadioSentrum aangebied word. Die gasspreker sal Prof. Justin Jonas van die Rhodes Universiteit wees wat oor vierkantkilometerantenna sal praat. Hierdie fassinerende lesing sal om 10:00 begin.

Radioteleskope maak dit vir ons moontlik om kosmiese voorwerpe oor baie groot afstande vanaf die aarde waar te neem. Vir astrofisiese en tegniese redes is radioteleskope beter geskik as die meer bekende optiese teleskope om afgeleë kosmos mee te bestudeer. Omdat ons afgeleë voorwerpe sien soos wat hulle biljoene jare gelede gelyk het, kan ons 'n evolusionêre geskiedenis van die heelal saamstel deur voorwerpe oor verskillende afstande waar te neem. Hierdie proses is baie soortgelyk aan 'n argeologiese of palenteologiese opgrawing.

"In die besonder hoop ons om uit te vind hoe die heelal uit die eentonige, warm gaswolk wat na die Groot Ontploffing oorgebly en in die groot verskeidenheid van sonnestelsels, sterre en planete van vandag ontwikkel het. Om dieper in ons heelal se geskiedenis - tot in die sogenaamde donkereeue - te delf, moet ons 'n massiewe nuwe radioteleskoop bou. Hierdie teleskoop, genoemd die' Square Kilometre Array (SKA)', word tans ontwerp, en mag moontlik in Suid-Afrika opgerig word", het Prof. Jonas aan SARLnuus meegedeel.

Die RTA-lesing sal die wetenskaplike moontlikhede en tegniese uitdagings wat eiesoortig aan die SKA-projek is, met besondere klem op die Suid-Afrikaanse perspektief, uiteensit.

OPROEP OM LESINGS

Hierdie is die eerste oproep vir lesings om aangebied te word by AMSAT-CON2005, die jaarlikse Amateurradiosatellietkonferensie wat deur SA AMSAT byeengeroep word. Die konferensie sal op Saterdag 14 Mei 2005 by die Nasionale AmateurRadioSentrum, Radiokop, Roodepoort, Gauteng gehou word. 'n Uitnodiging word gerig vir lesings wat amateurradio satellietbedryf, BHF-voortplanting, orbitale dinamika, swak sein ontvangs, satellietantennas en verwante tegnologieë dek.

Opsommings van voorgestelde lesings moet teen 10 Februarie voorgelê word. Teen 20 Februarie sal voornemende aanbieders van aanvaarding van hul lesings in kennis gestel word en die volledige lesings moet teen 31 Maart 2005 ingedien wees. Voorleggings moet in MSWord ingedien worden mag per e-pos gestuur word aan saamsat@intekom.org.za.

TINUS LANGE 7066 TEGNIESE UITMUNTENDHEIDSTOEKENNINGS

Die Tinus Lange 7066 Tegniese Uitmuntendheidstoekenning en Tinus Lange 7066 Junior Tegniese Uitmuntendheidstoekenning word jaarliks toegeken aan persone wat 'n tegniese projek in een van die volgende kategorieë indien.

a. Ontwerp en/of konstruksie van projekte soos 'n voorversterker, SGV-brug, herleikassie, outomatiese ID-er, praktiese antennaidees, mas, draagbare toerusting, kragbron, ens.,

OF

b. Enige sagteware vir Amateurradiogebruik.

Die inskrywing moet die volgende insluit: - die werklike item (as grootte en massa dit toelaat) of fotos (veral in die geval van antennas/maste, ens) en 'n volledige beskrywing in artikelformaat met illustrasies/prente gereed vir publikasie in Radio ZS.

Die werklike artefak en die ondersteunende dokumentasie - dws persgereed vir Radio ZS, en enige ander dokumentasie, moet nie later nie as 18 Maart 2005 by die NARS afgelewer word. Alle inskrywings sal by die AJV tentoongestel word (waar prakties moontlik, anders fotos) en die toekennings sal tydens die jaarlikse dinee gemaak word. Die twee toekennings is die Junior Tegniese Uitmuntendheidstoekenning (Onder 25 jaar oud), 'n geraamde sertifikaat en 'n kontant toekenning van R350 en die Tegniese Uitmuntendheidstoekenning, 'n geraamde sertifikaat en 'n kontant toekenning van R350.

SARL IARUFONDS 2004/2005

Die Suid-Afrikaanse Amateurradio-Ontwikkelingstrust gaan voort om bydraes in te samel vir die SARL IARUFONDS ten einde dit moontlik te maak dat die SARL sy verpligting betyds nakom. Lidmaatskapgelde is in Junie elke jaar betaalbaar.

In September 2005 vind die driejaarlikse Streek 1 konferensie in Switserland plaas. As 'n belangrike rolspeler in Afrika moet die Suid-Afrikaanse Radiolige deur minstens een afgevaardigde verteenwoordig word. Huidige SARL-ledegeld is onvoldoende om die koste daaraan te dek. Die 2004 IARU-ledegeld is aan die einde van November eers betaal. Die SA Amateurradio Ontwikkelingstrust bedank almal wat bygedra het. R14 921 is gekollekteer. Die balans van R1 916,00 word na die oproep vir 2005 oorgedra.

Baie dankie aan die hibiskuskus Amateurradioklub, Alf Joubert, ZR6ABA, NoordWes Amateurradioklub, Marten du Preez, ZS6ZY, Rad Radford, ZR5SEP,

en die Coalfields Amateurradioklub vir hulle bydraes. 'n Volledige lys van bydraers is nou beskikbaar op www.amateurradio.org.za.

Bydraes vir die 2005 oproep kan inbetaal word in die tjekrekening van die Suid-Afrikaanse Amateurradio Ontwikkelingstrust, by ABSA Menlyn, takkode 335 645, rekening No. 560 142 722. Stuur asb. besonderhede per e-pos aan armi@sarl.org of faks dit aan 012 991 5651.

OTL-KLUBNUUS

Die OTL-KLUB het sy finale vergadering vir 2004 gehad en het 'n nuwe komitee verkies wat uit die volgende lede bestaan:

Voorsitter: Piet Badenhorst, ZR6PJB; Visevoorsitter: Boet Smith, ZS6CJS; Sekretaris: Jane Badenhorst, ZS6JEB.

Die OTL-Klub in Mpumalanga wens alle amateurs, klubs en die SARL 'n vrolike Kersfees en voorspoedige nuwe jaar toe.

VOORTPLANTINGSTOESTANDE

Kobus, ZS6KOB, berig as volg: Voortplantingstoestande het oor die afgelope week min of meer konstant gebly en daar was min verandering na verlede week. Toestande was weereens baie swak. Aktiwiteite op die sonoppervlakte was uiters beperk. Die sonvlekgetal was Vrydag 31,0. Dit het op 15 Desember tot slegs 15 gedaal. Voorspellings vir die komende week dui weereens op swak toestande. Die aangepaste gemiddelde verwagte sonvlekgetal vir Desember word op 30,7 geraam. Hierdie toestande word wereldwyd ervaar- dit is bevestig met echolink-kontakte oor bykans alle dele van die aardbol oor die afgelope week.

DAGBOEK VAN GEBEURE

1 Januarie - Handsleutelmorsenag; 23 Januarie - Presidentsnet; 12 Februarie - RTA-lesing by NARS om 10:00; 9 April 2005 AJV van die SARL; 14 Mei - Lesingsvoorstelle vir AMSATCON2005 in te dien; 31 Maart - Finale lesings vir AMSATCON2005 in te dien.

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 700, 9 750 en 7 082 kHz en verskeie 2 m herhalers in u omgewing te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin. Dit is saamgestel deur George, ZS6NE, en gelees deur ..... vanuit ..... as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens en mag almal van u 'n geseënde Kersdag ervaar.

/EX